## ’n Toeganklike Boek oor Nuwere Tendense in die Geskiedeniswetenskap

**Chris Lorenz,** ***De Constructie van het Verleden: een Inleiding in de Theorie van de Geschiedenis***
Uitgeverij Boom, Amsterdam, 2001, sesde druk 2002
ISBN 90 5353 486 X
€32-90

Sedert die eerste uitgawe van Chris Lorenz se werk in 1987 verskyn het, was daar redelike omvattende verskuiwings binne die dissipline van geskiedenis. Aan die einde van die tagtigerjare van die twintigste eeu het die strukturalistiese geskiedskrywing steeds staanplek gehad, maar dié is met die verpopularisering van die narratiewe geskiedskrywing aansienlik ondermyn. Daarna het die postmodernistiese aanslag op alle fasette van die beoefening van geskiedenis deurgesyfer. Relatiwiteit is vooropgestel. In die onderrigmateriaal vir voorgraadse studente in geskiedenis was daar ’n wonderlike nuwe wêreld van historiese feit en fiksie om te ontsluit. Die enigste vereiste was net dat hulle darem ook so ’n bietjie van die letterkundige teorie moes weet. Geskiedenis was prettig, intellektueel en ’n groot geskerts met die wêreld om ons. Nou is ook daardie fase egter iets van die verlede en historici het die rustige vaarwaters van geïntegreerde geskiedsbeoefening begin betree. Dit kom daarop neer dat elkeen sy eie benadering kies en die metodologiese riglyne navolg wat vir die doeleindes van konstruktiewe navorsing die beste mag wees.

*De Constructie van het Verleden* het deur al hierdie fases van ontwikkeling as handleiding vir studente aan die Universiteit van Amerderdam gegaan. Dat die werk heelwat sedert die tagtigerjare aangepas is, ly geen twyfel nie. Lorenz, wat ’n redelike sterk strukturalistiese neiging het, probeer deurgaans om ’n balans te soek en die breë generiese weg in die bestudering van die geskiedenisteorie voor te staan. Die werk het reeds in die geledere van filosowe van die geskiedenis ’n vlak van goeie status bereik. Die vyfde uitgawe is in 1997 ook in Duits vertaal.

Een van die sterk punte van die werk is dat Lorenz, sonder ’n omhaal van groot onnodige woorde, basiese en sinvolle benaderings tot die geskiedenis as dissipline uitspel. Vir die Afrikaanse leser behoort hierdie werk van besondere waarde te wees. Lorenz se skryfstyl is gemaklik en selfs historici wat skugter vir die filosofie is, sal min probleme ondervind om agter die kap van die byl in dié teks te kom. In ’n afdeling oor die kousaliteit verkies hy byvoorbeeld om die meer funksionele begrip van “oorzakelijkheid” te gebruik. Met hierdie strategie, wat konsekwent nagevolg is, word die leser nie aan die lot van deftige, maar vreemde, woorde oorgelaat nie.

As handleiding vir moontlike nagraadse onderrig, het die werk ’n sinvolle uitleg. In die eerste hoofstuk word ingegaan op ’n definisie van teorie. Daarna word verduidelik wat ’n feit en wat interpretasie is, en daarmee saam wat waarheid is. Die leser kry dan kans om op historiese verklaring, vanuit die positivistiese perspektief te konsentreer. Die soeke na balans bring vanselfsprekend mee dat gelet word op die hermeneutiese benadering. In sy oorsig van die hermeneutiek konsentreer Lorenz op ’n wye spektrum van filosowe. Saam met H-G. Gadamer, neem hy kennis van die werk van Foucault, Derrida en White. Daarmee saam gaan ’n sinvolle uiteensetting

van hulle onderskeie uitgangspunte ten opsigte van die filosofie van die geskiedenis. So tussendeur die vertelling van waaroor die strydpunte in die konstruksionisme en die dekonstruksie gegaan het, leer die leser baie meer oor die moderne verstaansproses van die geskiedeniswetenskap.

’n Interessante benaderingswyse van Lorenz is om die ontmoetingsvlak tussen positivisme en hermeneutiek in die vergelykende verklaringsmodel te soek. Die ontwikkeling van die sosiale geskiedenis van die sestiger- en sewentigerjare, was in ’n groot mate gebaseer op bepaalde teoretiese modelle (marxisties in oriëntering) wat in die geskiedenis aan bepaalde gebeure gemeet is. Daaruit het dan die kritiek van die sosiale historici op die “stelsel” gevolg. In wese was die sosiale geskiedenis dus ’n vorm van vergelykende geskiedsbeoefening. Lorenz gee ook ’n praktiese voorbeeld van die vergelykende verklaringsmodel in Hoofstuk XI waar hy konsentreer op die oorsake van die politieke konserwatisme van die boere in Wes-Frankryk. Weer is sy doelwit nie ’n oorbelading van die modieuse Geertziaanse “thick description” nie, maar veel eerder om die leser ’n perspektief op die vergelykende grondslae van die geskiedenis te gee.

Benewens ’n goeie bespreking oor die objektiwiteit en subjektiwiteit, gewoonlik ’n “spotvraag” in die tradisionele eksamen, word die leser ook die kans gegee om geskiedenis se bepaalde verhouding met die sosiale wetenskappe te verken. Lorenz spekuleer oor die pluriforme wetenskapsbeoefening – ’n tema waarby ou en jong historici heelwat baat kan vind in die nuwe era van uitkomsgebaseerde onderrig. Daar word verder op die grensvervaging in die wetenskappe ingegaan voordat geskiedenis as dissipline gedefinieer word, maar ook dié definisie word duidelik gekoppel aan ander dissiplines en die soeke na ’n gemeenskaplikheid in die proses van wetenskapsbeoefening.

Ten slotte kan verklaar word dat die waarde van *De Constructie van het Verleden* daarin gesetel is dat dit veral vir Afrikaanstalige lesers ’n heel verstaanbare werk is. Die taal is gemaklik en die leser soek vergeefs na hoogdrawende woorde (dankie tog!) wat uit ’n vergange tydperk dateer. Vir die leser wat daarin belang stel om op hoogte te kom van die nuwere tendense in die filosofiese afdeling van die dissipline van geskiedenis, is dié werk ’n goeie rigtingwyser.

Johann Tempelhoff
Skool vir Basiese Wetenskappe
Noordwes-Universiteit